
#EditingFiction

# New PEG guide on fiction editing

In April, Exco announced the publication of the long-awaited *Editing fiction: The PEG guide for practitioners*, written by Máire Fisher and Nella Freund.




Building on the PEG tradition of workshops on the editing of fiction and narrative non-fiction, this latest PEG guide supports editors in acting as friendly and knowledgeable readers, editors and mentors for aspiring authors.

The guide begins with a discussion of the reader's report and then goes on to consider the non-editing aspects the editor need to discuss with their author. The guide's authors then tackle the issue of getting your writer up to speed and saving them money; they then share the nitty-gritty of the elements of fiction. The guide is concluded with a final word on editing in this genre and a list of recommended publications and online resources as an aid to fiction editors.


**Format:** A5 **Pages:** 61 **Cost:** R60 (plus delivery via PostNet)

Orders can be placed with Alison Downie at sticklersinc@gmail.com.

#KompetisieCompetition

# Wenner van Afrikaanse kompetisie

Die vraag was: Waarom skryf ons soms 'n byvoeglike naamwoord vas aan 'n naamwoord?




En die wenner van die *Klein woordeboek/Little dictionary* (Pharos) is **Laetitia Sullivan**. Baie geluk, Laetitia!

Laetitia se antwoord lui soos volg:

'n Byvoeglike naamwoord word vas aan 'n selfstandige naamwoord geskryf in die geval van 'n samestellende samestelling (byvoeglike naamwoord + selfstandige naamwoord + selfstandige naamwoord) waar die byvoeglike naamwoord die eerste selfstandige naamwoord bepaal en die twee elemente saam die laaste selfstandige naamwoord bepaal, byvoorbeeld "lang" en "been" bepaal saam "spinnekop" om "langbeenspinnekop" te vorm, of "vinnige" en "baan" bepaal saam "verkeer" om "vinnigebaanverkeer" te vorm (*AWS*, reël 15.27). 'n Koppelteken word slegs in hierdie tipe konstruksie gebruik wanneer die opeenhoping van klinkers leesbaarheid belemmer, byvoorbeeld "intellektuele" en "eiendoms" bepaal saam "reg", maar die twee "e's" langs mekaar bemoeilik leesbaarheid, dus skryf ons "intellektuele-eiendomsreg" (*AWS*, reël 12.6).

'n Byvoeglike naamwoord word ook vas aan 'n naamwoord geskryf in die geval van 'n samekoppeling wanneer betekenisverdigting plaasgevind het, m.a.w. die nuwe verbinding beteken nou iets anders as wanneer die woorde los geskryf word, byvoorbeeld "maermerrie" (jou skeen) en "maer merrie" (nie 'n vet perd nie). Die eenvoudigste toets vir betekenisverdigting is dat daar 'n vaste vorm met 'n ander betekenis ("donkerkamer"; plek waar foto's ontwikkel word) naas die woordgroep ("donker kamer"; 'n kamer waar daar nie lig is nie) moet bestaan.